

Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Augustus 2016 – Voorbereiding

Sing vooraf staande: Psalm 75:2, 3 (p. 377)

- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde in vaste stand.
- 3 Laat die rasers dan nie raas; / laat geen goddelose kop
hef die hoë horings op – / in verwaandheid opgeblaas.
Want God sal die horing tref, / en die mond wat hom verhef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 2, 3 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.
- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:4, 5 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle ang en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Gebed

Psalm 2:1, 2 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 2 Maar God die Heer wat sy gedugte stoel / bo sterre stig, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrugt'loos woel / en, magteloos, verniet hul krag verteer.
God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog; / dan gloei die lug van vlammmende onweerslig.
Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog / en jaag sy skrik hul in die aangesig.

Skriflesing: Daniël 3:16-30

Kernverse: Daniël 3:24-25, 28-29

Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegesprek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning! Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.

Daarop het Nebukadnésar gesprek en gesê: Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om geen ander god te dien of te aanbid nie, behalwe hulle God. Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie. (Daniël 3:24-25, 28-29 AFR53)

Tema: Daar is net twee belewenisse van God se koninkryk; dié van die ongehoorsame en dié van die gelowige

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die vorige hoofstuk in Daniël het die Heilige Gees ons daarop gewys dat God se koninkryk 'n ewige koninkryk is. Alle menslike koninkryke sal mettertyd moet padgee voor die koninkryk van God. Daar is dan ook net twee belewenisse wat 'n mens van God se koninkryk kan hê. Vanoggend kyk ons hoe beleef die ongehoorsame mens God se koninkryk. Soos die Here wil, sal ons volgende Sondag sien hoe die gelowige mens die koninkryk van God beleef.

Nebukadnesar het homself bo al wat leef en beef verhef. Omdat hy die magtigste koning van destyds was, het hy gedink hy kan elke mens dwing om in alles te maak soos wat hy sê. Selfs nadat hy van God se ewige koninkryk gehoor het, verhef hy hom selfs teen God. Daarom was sy belewenis van God se koninkryk die een waarin hy homself telkens teen die Here en sy koninkryk vasgeloop het. Maar dit is nie waar dit begin het nie.

Broers, susters en kinders, die eerste maal wat Nebukadnesar van die koninkryk van God gehoor het, was toe Daniël die droom wat hom so ontstel het aan hom uitgelê het. Daardie klippie wat die beeld in Nebukadnesar se droom verpletter het, was die voorstelling van God se koninkryk. Dit is 'n koninkryk wat alle menslike koninkryke tot niet sal maak en vir ewig bly bestaan, want dit sal nooit vervang word nie.

Die droom het Nebukadnesar eers hewig onstel sodat hy nie kon slaap nie, want hy het die droom nie verstaan nie. Maar nadat Daniël die droom vir hom uitgelê het, was sy reaksie ten opsigte van God se komende koninkryk nie meer so ontstellend nie. Intendeel, daar het by hom nou weer rustigheid en vrede gekom omdat hy die droom begryp het. Hy was ook baie dankbaar vir die uitleg van die droom, want hy kon nou weer slaap.

Ongelukkig het Nebukadnesar ook ongeërg geraak oor God se koninkryk. Uit die uitleg van die droom het Nebukadnesar verstaan dat die koninkryk van God eers sal kom wanneer die konings van die laaste koninkryk, die een van die voete van yster en klei, op die wêreldtoneel verskyn. Hy het traak-my-nie-agtig geword oor die koninkryk van die Here.

Na sy mening was dit nog baie ver in die toekoms voordat God se koninkryk sou kom, daarom kon hy maar rustig voortgaan om sy koninkryk verder te verstewig en uit te bou.

Dit is verstommend hoe 'n mens met soveel kennis en mag so domonnosel kan wees. Kan 'n mens regtig so dom wees om te dink jy kan maar voortgaan met jou eie ou menslike koninkrykie terwyl jy die koninkryk van God eintlik geheel en al ignoreer? Voordat ons te streng teen Nebukadnesar se optrede uitvaar, is dit tog nodig dat ons na onself ook kyk in die lig van die Here se Woord. Hoeveel keer gebeur dit nie dat ons ook baie duidelik weet wat die Here ons Koning van ons, sy onderdane, verwag maar tog ignoreer ons dit doodeenvoudig net. Ons maak net asof ons nie gehoor het wat die Here gesê het nie. Ten opsigte van daardie saak waarin ons die Here ignoreer, doen ons nie regtig anders as hierdie heiden van Babel nie. As ons die Here se heerskappy in daardie saak ignoreer, plaas ons onself op die troon in ons lewens. Ons sal self besluit, ons sal self koning wees ten opsigte van hierdie saak. In hierdie een saak wil ons voortgaan om ons eie ou koninkrykie te handhaaf.

En dan maak ons ook asof daar nog baie tyd oor is om ons van hierdie dwaasheid te bekeer. Ons is mos nog jonk, ons lewe lê nog voor ons waarin ons weer kan regmaak wat ons nou verkeerd doen. Nebukadnesar het ook gedink hy kan maar vereers die koninkryk van God ignoreer omdat hy gedink het dit lê nog doer ver in die toekoms. Maar een ding het Nebukadnesar vergeet, en ons vergeet dit geriefshalwe ook.

Die Here het deur middel van die droom nie gesê dat sy koninkryk eers sal kom wanneer die laaste menslike koninkryk op die wêreldtoneel verskyn het nie. In die tyd van die konings van die laaste menslike koninkryk sal God sy koninkryk oprig, maar die koms van die koninkryk begin al daar waar die klippe losbreek uit die rots sonder dat 'n hand daaraan raak. God se koninkryk was reeds aan die kom in die tyd van Nebukadnesar, maar hy hou hom geriefshalwe blind daarvoor. Die koninkryk van God lyk onbenullig en klein vir die een wat dit wil ignoreer, maar as jy met die werklikheid van hierdie koninkryk gekonfronteer word, besef jy dit is nie so ver en klein en onbenullig nie.

Dit was onder andere omdat Nebukadnesar onder die indruk was dat die koninkryk van God nog baie ver in die toekoms lê dat hy voortgegaan het om sy beeld op te rig waarvoor al sy onderdane moes buig om dit te aanbid. Hy het egter nie rekening gehou met die koninkryk van God wat reeds binne-in sy koninkryk aan die deurbreek was nie. Onder die mense wat voor die beeld moes buig en dit aanbid, was daar Sadrag, Mesag en Abednego, diensnegte van die lewende God in Nebukadnesar se koninkryk. Nie eers die vrees vir 'n brandende oond kon hulle stuit om die Here getrou te bly dien nie. Nie eers die wreedheid van Nebukadnesar kan die koms van God se koninkryk stuit nie.

As die Here vir Nebukadnesar met sy koninkryk, wat reeds in Sadrag-hulle deurgebreek het, konfronteer, reageer Nebukadnesar met woede. Hy is kwaad, want hoe durf hierdie Joodjies hom, die koning met die grootste en sterkste aardse koninkryk, teëstaan. Dit kan mos nie wees nie. So iets gebeur mos nie. Waar kry hulle die moed vandaan om hom teë te staan? Omdat Nebukadnesar nie teëspraak duld nie en hom nie aan die koms van God se koninkryk wil steur nie, volg daar uit sy woede 'n dreigement: Sadrag, as julle nie buig en aanbid nie, word julle in die brandende oond gegooi, en hy volg die dreigement met 'n uitdaging op: *en watter god sal julle uit my mag kan red?*

Met hierdie uitdaging maak Nebukadnesar sy nek styf teenoor die Here en dreig eintlik om God se koninkryk, soos wat dit al in Sadrag-hulle deurgebreek het, te vernietig. Elke mens moet egter weet dat elke uitdaging teen God se heerskappy net 'n duideliker vertoning van

sy koninkryk oproep. Dit moes Nebukadnesar ook sien. Nebukadnesar se woede, dreigement en uitdaging bring geen verandering aan die koms van God se koninkryk nie. Sadrag-hulle tree deur die werk van die Heilige Gees net duideliker na vore as diensknegte in God se koninkryk.

Toe Nebukadnesar nog die droom gehad, het hy telkens gesien hoe die klippie loskom en die beeld tref en fynstamp. Nou is dit nie meer net 'n prentjie in 'n droom nie. Dit is ook nie maar net woorde soos wat Daniël dit verklaar het nie. In die gehoorsame optrede van Sadrag-hulle stamp die Here se koninkryk al teen die koninkryk van Nebukadnesar. Nou is dit nie maar net 'n beeld van 'n droom waarvan hy kan vergeet nie. Hy het nou met 'n krag te doen waarvan hy die oorsprong nog nie wil erken nie. Hoe durf daar teen hom, die groot koning van Babilonië, so opgetree word?

Daarop het Nebukadnesar briesend kwaad geword; hy was wit van woede. 'n Mens sal kan vra waarom hy so kwaad geword het. Ons sal self hierdie vraag kan beantwoord. Dink maar net hoe kwaad word ons wanneer die Here keer op keer ons op ons verkeerde optrede wys. Dan gebeur dit deur diensknegte van die Here wat nie eers weet presies hoe ons besig is om ons eie koninkrykies teen God te probeer handhaaf nie. As dit die ouderling is wat ons vermaan, word ons kwaad. As die Heilige Gees ons onder die prediking in ons gewete prik oor ons sonde, word ons kwaad. En dan moet 'n medegelowige nie nog terloops in 'n gesprek oor ons sondes praat nie, want dan word ons briesend. Maar in plaas daarvan dat ons vir onself kwaad moet word oor ons hardkoppigheid, rig ons ons woede teen die diensknegte van die Here. Die ouderling moet in sy spoor trap, die predikant moet oppas anders hou lidmate hulle bydraes terug, en die ongehoorsame gelowige trek hom al meer en meer terug uit die gemeenskap van die gelowiges. So 'n mens wat hom nie aan die koninkryk van God wil steur nie, het al minder met die kerk te doen, want hy is kwaad vir die kerk.

Wat ironies is, is dat die persoon teen wie so 'n mens sy woede rig nie eintlik daardie een tref teen wie hy dit mik nie, maar iemand heeltemal onskuldig. Nebukadnesar was daarop uit om Sadrag-hulle by te kom; hulle moes sterf in die brandende oond. En wie sterf toe op die ou end? Nie Sadrag-hulle nie maar die sterk manne wat Sadrag-hulle vasgebind en in die oond gegooi het. Dit is egter nie die eerste keer in die Bybel dat ons sien hoe 'n mens se woede iemand heeltemal anders tref as teen wie dit gemik was nie. Kain was kwaad vir die Here, maar Abel moes dit toe ontgeld. Die tien oudste seuns van Jakob was kwaad vir hulle pa omdat hy vir Josef voorgetrek het, maar Josef word verwyt en uit die weg geruim.

En al hierdie woede en onreg loop uit op wat met Jesus gebeur het. Toe Jesus, in wie die koninkryk van God helder deurbreek het, op aarde die goedheid en liefde van God verkondig het in woorde en daade het al die woede van die mensdom teen God en teen sy goedheid teen Jesus losgebreek. Omdat die mensdom vir God kwaad was maar Hom nie kon bykom nie, het hulle sy Seun om die lewe gebring. Maar juis hierdie optrede van mense het God gebruik om sy genade en liefde op die heel duidelikste manier te bewys. Jesus se dood was die betaling vir sondes en skuld by God. En met die opwekking van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees het God begin om sy ewige koninkryk al duideliker en stewiger op aarde te vestig.

Ons woede teen die diensknegte van die Here omdat die Here ons knaend met sy koningskap en heerskappy konfronteer, sal nie ophou nie totdat ons erken wat ons eintlike probleem is. Die Heilige Gees sal aanhou om ons met God se koninkryk te konfronteer totdat ons sien dit is ons wat nie gehoorsaam is nie. Toe Nebukadnesar in die brandende oond inkyk en sien wat daar aan die gebeur is, het hy verskrik opgespring. Die Here bring

vir Nebukadnesar deur die konfrontasie met sy koninkryk by die punt om 'n besluit te neem – óf hy gaan homself verneder óf hy gaan aanstoot neem aan die waarheid van God se koninkryk.

Jesus het gesê: **Geseënd is die mens wat nie aanstoot aan My neem nie** (Matt 11:6). In die evangelie leer die Heilige Gees ons dat oral waar Jesus gepreek en wonders gedoen het, die koninkryk van God naby die mense gekom het. En die mense is daardeur uitgedaag om hulle te verneder en in die koninkryk in te kom, om God se heerskappy in hulle lewens te erken of dit te verwerp. Jesus het ook geweet dat die mense, wat verknog is aan die mag, rykdom en wellus van hierdie wêreld, diep in hulle gemoed versteur sal wees wanneer hulle met die heerskappy van God gekonfronteer word, net soos wat Nebukadnesar ook eers diep in sy gemoed versteur was en briesend kwaad geword het. Jesus het ook geleer dat mense wat so met die koninkryk van God gekonfronteer word, geneig sal wees om aanstoot te neem, soos wat Nebukadnesar aanvanklik ook gedoen het. Maar geseënd is daardie mense as hulle in die oomblik wat hulle aanstoot neem, weer nadink oor hulle optrede, berou kry en hulle bekeer en daardeur die koningsheerskappy van die Here in hulle lewens erken.

Toe Nebukadnesar verskrik geraak het, het hy van gedagte verander. Die waarheid en werklikheid van God se koninkryk het hom diep in sy hart getref. Daar is geen twyfel nie die verskyning van die Goddelike wese saam met Sadrag-hulle in die vuuroord vir Nebukadnesar tot nuwe insigte gebring het. Iets soortgelyk het gebeur op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is. Drie duisend mense wat op daardie dag na Petrus se preek geluister het, was diep in hulle hart getref. Hulle het tot die besef gekom dat die Jesus op wie hulle so jaggemaak en uiteindelik doodgemaak het, die Een is wat God gestuur het om mense van hulle sondeskuld te verlos. Deur middel van hierdie besef het die Heilige Gees daardie drie duisend mense onder die heerskappy van God ingetrek. Op daardie dag het drie duisend mense koninkryk van God geword.

Nebukadnesar het besef dat daar nie nog 'n god is wat kan red soos die God van Sadrag, Mesag en Abednego nie. Aan hierdie God, die allerhoogste God, kom al die respek en eer en lof toe en niemand mag ooit minagtend van hierdie God praat nie. Nebukadnesar het in plaas daarvan om hom te bly verset teen God se koninkryk homself eerder verneder. Hy het tot die erkenning gekom dat God inderdaad sy koninkryk laat kom en geen mens dit kan weerstaan nie.

Waar staan ek en jy, geliefde broer, suster en kind? Gaan ons in daardie deel van ons lewe waar ons self koning wil wees, aanhou om die Here se koninkryk te ignoreer? Gaan ons bly aanstoot neem as die Here ons oor die hardheid van ons hart vermaan? Of gaan ons ons ook aan die Heilige Gees onderwerp, onself verneder voor die Here, en ons laat intrek onder die Koningsheerskappy van God? Die mens moet weet dat sy eie koninkryk wat hy aanhoudend wil handhaaf teen die Here, deur die Here se koninkryk verpletter sal word. Die Here wil nie aanhoudend met sy kinders koppe stamp nie. Hy wil hê dat ons almal altyd 'n heerlike en Godvererende belewenis van sy heerskappy in ons lewens sal hê.

Amen!

Slotgebed

Psalm 145:8, 10, 11 (p. 697)

8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf! / U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig, / wie neerstort, word deur U weer opgerig.

- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

**Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Augustus 2016**